
*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (45/21)*
*12 November 2021*


***"If you cannot do great things, do small things in a great way" – Napoleon Hill***


**2021 Nawel Seisoenale Oorsig (Portia Magwaza)**

Die Nawel lemoensektor het 'n rekord uitvoervolume beleef - op 27,2 miljoen kartonne en net meer as 2018 (26,7 m). Dit was net 3% meer as die skatting van Maart 2021, so wel gedaan aan die Nawel fokusgroep. Senwes bly die grootste streek met 7,6 m kartonne – 8% oor skatting. Wes-Kaap is tweede grootste met 7,2 m kartonne - 5% meer as skatting; terwyl Sondagsriviervallei op 6 m 3% onder die skatting was. Patensie was 17% meer as die skatting (2,6 m vs 3 m), terwyl Nelspruit 7% onder die skatting was (1,1 m vs 1 m).




Nawels het gepiek by groottes 72, 88 en 64. Die 2021-seisoen het hoë volumes gehad, maar die vruggrootte was kleiner. Die piek weke vir verpakking was van week 22 tot week 25, teen 'n paktempo van 2 miljoen kartonne per week. Die verpakkingspatroon was soortgelyk aan die vorige jaar.




Wat markverspreiding betref, is die afname in Europese volumes (van 36% in 2020 tot 30% in 2021) deur die Midde-Ooste opgeneem (21% tot 27%). Suidoos-Asië het hul aandeel van 12% tot 16% verhoog, terwyl Noord-Amerika (14% vs 13%) en VK (7% vs 6%) marginaal verander het. Rusland het van 6% tot 4% gedaal. Verspreiding na ander streke het nie wesenlik van 2020 verskil nie – Asië 3% en Afrika en Eilande 1%.

Die afname in die EU-volumes was as gevolg van die talmende Egiptiese vrugte in die mark en streng fitosanitêre regulasies. Laer Russiese invoere is ook toegeskryf aan beperkte hoeveelhede van groter vrugte.

**"REMINDERS" - Belangrike datums:**

16 & 17 Nov @ 9h00: Globale Sitrus Kongres. 18 Nov @9h00: DALRRD Jaarlikse Sitrus Koördineringsvergadering. 26 Nov: Spesiale markregistrasies sluit.

**COVID 19-inentings**

Toegedien in laaste 24 uur = 136 550; totaal toegedien = 23 684 440; Individueel ingeënt = 15 818 324 (= 39.75% van volwasse bevolking). Bron: https://sacoronavirus.co.za/latest-vaccine-statistics/

**Gepak en Verskeep** * Gebruik 'n kombinasie van PPECB- en Agrihub - data om rekening te hou met die verskepingstyd.

| **Einde van Week 44** Miljoen 15kg Kartonne | **Gepak** | **Gepak** | **Gepak** | **Verskeep** | **Verskeep** | **Aanvanklike Skatting** | **Nuutste Voorspelling** | **Finaal Gepak** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2019** | **2020** | **2021** | **2020** | **2021** | **2021** | **2021** | **2020** |
| Pomelo's (17kg) | | | 15.5 m | | 15.2 m | | | |
| Pomelo's | 16.8 m | 15.5 m | 17.5 m | 15.2 m | 17.2 m | 18.0 m | 17.6 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 18.2 m | 23.6 m | 30.9 m | 23.6 m | 29.4 m | 30.5 m | 30.8 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 22.1m | 28.4 m | 31.0 m | 27.1 m | 29.6 m | 30.2 m | 30.9 m | 29.6 m |
| Nawels | 24.3 m | 26.0 m | 27.2 m | 25.2 m | 27.2 m* | 26.3 m | 27.2 m | 26.2 m |
| Valencias | 46.8 m | 53.1 m | 54.9 m | 53.1 m | 54.9m* | 58.0 m | 55.1 m | 55.1 m |
| **Totaal** | 128.2m | 146.6m | 161.5m | 144.2m | 158.3m* | 163.0 m | 161.6 m | 150 m |